Sondag **7 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 130:1-8**

**Fokusgedeelte: Psalm 130:7 (AFR83)**

**Verlossing is seker by die Here**

Vir niemand van ons kom dit natuurlik om te wag nie. Ons is vasgevang in 'n haastige lewe waar ons dit nie werklik kan bekostig om te wag nie. Die bekende gesegde "tyd is geld" is iets wat ons gereeld hoor.

Tog is die oproep om op die Here te wag 'n opdrag wat verskeie kere in die Psalms na vore kom. In Psalm 130 word die mens se vertrekpunt beskryf as *uit die dieptes*. Hierdie dieptes kan na verskeie omstandighede verwys – armoede, siekte, swaarkry, hartseer. Dit is nie vrede- en vreugdevolle omstandighede nie. In hierdie donker dieptes is dit telkens plekke waaruit die mens nie hom/haarself kan bevry nie.

Die uitroep van die gelowige is hier dus eerstens 'n afhanklikheidsverklaring. Ek kan nie self nie. Ek het hulp nodig.

Die psalmdigter roep na die Here. Hy roep na die God van die verbond. Hy roep na die Here wat getrou bly aan al sy beloftes. Die digter is bewus van Wie God is en wat God doen. Die digter is bewus van die verbondsvolk se verlede en hoe God telkens uitkoms gegee het.

Hierdie uitroep is dus nie 'n geval van "roep en hoop vir die beste" nie. In afhanklikheid word daar geroep na die Here met die vaste vertroue dat God die Een is wat uitkoms gee. Die digter plaas sy vertroue in die Here, omdat God die Een is wat troue liefde bewys. Verlossing is seker by die Here.

Die kosbare belofte dat God ons sal verlos van ons sonde eggo deur hierdie hele psalm. Ons ontvang die kosbare troos dat ons Verlosser ons nie net uit die duisternis uithaal nie. Hy word mens en betree die duisternis. Die lig kom na die wêreld toe juis om die duisternis te bevry. Die sekerheid hiervan lei ons om deur die Gees geduldig te wag op die koms van Jesus Christus.

*Sing: Psalm 130-1:2*

*Ds. PF Venter (Peter) (Hoëveld/Witbank)*